


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Januarie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 02




# Vloedskade laat Oraniërs saamspan



Dia van Staden - Redakteur

Vanaf Donderdag 28 Desember tot die Saterdag het harde stormreën Orania en ander dele van die Noord-Kaap getref.

Volgens Oraniërs wat meer as vyftien jaar in die dorp woon was dit 'n frats van die natuur wat hul nog nooit beleef het nie. Meer as 170mm is oor 'n tydperk van drie dae gemeet. Baie huise het deurgeloop toe modderwater deur hul huise gestroom het of soos 'n dam om, en selfs binne sommige huise opgedam het.

André en Yolandi Hanford woon op 'n hoewe wat aan die Rooi pad grens en het vier skape aan skok, koue en verdrinking afgestaan aangesien hulle penshoogte in die water gestaan het. Hy moes sy perde en ander skape na hoër gebiede skuif om hul veiligheid te verseker. 'n Drukpomp, 20 lusernbale en ses hoenders met twaalf kuikens het ook in die slag gebly.

Die eienaars van Aan-die-Oewer, waar baie selfsorg houthuise gebou is en wat as 'n gesogte oornagakkommodasie vir besoekers aan Orania dien, André en Karin Coetzee, vertel dat die insinking van 'n groot deel van hul grasperk teen die Oranjerivier uiters traumaties was. "Om meer as dertig jaar aan iets te bou en dan te sien hoe dit net verdwyn, breek mens se hart," vertel André.

Op 16 Desember het honderde inwoners en besoekers op daardie einste grasperk gesit om die jaarlikse Geloftefees te herdenk.

Vroeg op Saterdag 30 Desember is 'n noodberoep op die gemeenskap gedoen om die Coetzee-gesin te hulp te snel om voorkomingsmaatreëls in plek te sit vir nog reën wat verwag is. Meer as 100 mans, vroue en kinders het met grawe opgedaag om met allerlei take behulpsaam te wees. Sandsakke is gevul en gepak, waterpype is aangewend om water te onttrek op plekke waar damme water gevorm het en oral was noodsaaklike handearbeid verrig.

Klimatoloog en professor in Omgewingswetenskappe by die eenheid vir Omgewingswetenskappe- en Bestuur aan die Noordwes Universiteit, Roelof Burger, vertel dat die wêreld die afgelope ses maande in 'n El Niño-fase is. Dié verskynsel veroorsaak tipies in die binneland 'n droë somer. Alhoewel droër toestande vir die seisoen verwag word, kan koppeling tussen tropiese en sub-tropiese weer steeds verwag word. Volgens hom is hierdie sinoptiese patroon ideaal vir wydverspreide reën oor die binneland. Hy noem dat daar nie klinkklare bewyse daarvoor is nie, maar dat vele navorsers al die verband tussen ekstreme weer oor Suid-Afrika, soos hael en flitsvloede, met El Niño verbind het.

André van Heerden, hoof van ingenieursdienste by die Orania Dorpsraad verduidelik dat stormwaterkanale nie die hoë watervloei kon hanteer nie en in erwe oorgespoel het. In Kleingeluk is 'n paar huise deur vloedwater geaffekteer.

Hy vertel dat huise in Orania se vloere oor die algemeen nie hoog genoeg gebou word nie, aangesien daar die aanname is dat dit nie in die Karoo baie reën nie. André rig spontaan 'n versoek dat inwoners en bouers bewustelik na die dreineringsopsies om hul huise moet oplet. "Kanale moet oop gehou word, interne dreinering moet vry van bourommel of tuinvullis gehou word. By nadere ondersoek is daar gevind dat baie afvoerkanale verstop was en dit het bygedra tot die probleem. Deur hierdie voorsorgmaatreëls te tref mag dit toekomstige oorstroming voorkom sodat huise beskerm kan bly," noem André.

André verduidelik verder dat 'n wolkbreuk 'n uitsonderlike voorval is waarvoor 'n ingenieur nie planne kan ontwerp nie, omdat dit ekonomies nie sin maak nie. Aangesien so iets nie algemeen voorkom nie, moet dit so goed as moontlik hanteer word wanneer dit gebeur het. Die feit dat dit baie droog was voor die vloed en grasbedekking min was, terwyl landerye in Vluytjeskraal-Noord en 272 met jong mielies op die lande gestaan het, het die vloei van die watermassa vergemaklik. "Alles het saamgewerk tot 'n perfekte storm."

*Na bladsy 2*

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Leer Paul Vogel van BKO beter ken**
*Bladsy 3*

**Jeugkorps: Dissipline en avontuur**
*Bladsy 6*

**Johan de Lange – Instrukteur van die Springbok Vliegakademie**
*Bladsy 7*

**Pioniers: Koos en Marinda le Grange**
*Bladsy 9*

**Orania vier Geloftesfees op 16 Desember**
*Bladsy 11*

### Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

### Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS

## met die redakteur



Ek vermoed dat niemand "ongedeerd" deur 'n feesseisoen kan kom nie. Indien jy een van daardie lede van 'n gesin is wat pens-en-pootjies in die Kersfeesgees klim, is jy dalk nou eers moeg en benodig jy 'n vakansie. Of jy dit nou liggies of volkome gevier het, mag 2024 jou met 'n sagte landing beloon!

Dit is terug skooltoe vir kinders en ouers. Hierdie 12 jaar op die skoolbanke is 'n realiteit. Tuisonderrig het intussen deel geword van baie gesinne se daaglikse lewens en natuurlik vereis dit heelwat meer insette van ouers, mentors of privaat onderrigsentrums waar individuele aandag en persoonlike voorkeurontwikkeling aandag geniet. Watter keuse jy as ouer ookal maak, mag jou kind as unieke individu groei.

Orania het deurgeloop onder die fratsreën wat ons gemeenskap gedurende Desember getref het. Dankie aan elkeen wat na 'n buurvrou of buurman uitgereik het om 'n handjie by te sit as daar nood was. #Onssalself is nie net 'n leë slagspreuk nie, dit is Oraniërs se leefwyse.

Ek nooi elke inwoner om my te kontak indien daar 'n interessante brokkie nuus is wat jy graag in Koerania sal wil sien. Dit moet egter nuuswaardig wees! Koerania is 'n gemeenskapskoerant. Koerania sal maandeliks by www.koerania.co.za verskyn. Hou die Facebookblad dop vir meer inligting.

Indien jy jou besigheid wil adverteer is daar vele opsies. Kontak my by redakteur@koerania.co.za om jou advertensie te bespreek.

Sit aan die ketel en skink 'n koffie, want 2024 is hier!

Dia van Staden

## My pa bly op die maan




Nadia Ettwein het Orania in 2021 besoek nadat haar pa, Cor Ettwein, 'n beroerteaanval gehad het. Aangesien sy gedink het dat sy afskeid moet kom neem van haar pa was dit 'n gedwonge besoek aan haar pa se nuwe tuiste.

Tydens dié besoek ontstaan 'n fotoprojek waarmee Nadia haar pa se identiteit binne die gemeenskap van Orania ontdek. Sy gaan op 'n persoonlike verkenningstog, want sedertdien het sy Orania al meermale besoek en is telkens verras oor wie en wat sy hier vind. "Ek het begin om die plek te sien waarheen my pa verhuis het, waar hy sy Afrikanerkuluur, geloof en selfwerksaamheid kan uitleef," beklemtoon Nadia.

Dié fotograaf het die plek waarheen haar pa verhuis het deur die lens leer ken en haar aanvanklike persepsies is uit die weg geruim. Sy gebruik 'n digitale kamera en 'n 35mm analoogkamera. Sy het 'n voorkeur vir swart en wit film en dra dan haar foto's oor na digitale formaat toe. "Swart en wit is simplisties en minimalisties. Daar is 'n stilte in swart en wit foto's," deel Nadia haar opinie.

'n Goeie portretfoto wat 'n storie vertel en 'n dieper betekenis kommunikeer is haar gunsteling tipe foto, ongeag die onderwerp. "My foto's moet kunswaarde hê," sê sy met 'n glimlag.



Nadia het tot dusver reeds meer as 600 foto's geneem en sy besef dat die aanvanklike gedagte in 'n veel groter projek ontwikkel het.

Sy hoop om uiteindelik 'n persoonlike narratief te deel en groter begrip te skep vir die kompleksiteit van Afrikaanse tradisies en daardeur probeer sy meer verstaan oor haar eie kulturele erfenis binne die konteks van Orania.

Nadia was in 2023 as 'n wenneer van die CAP, Contemporary African Prize, aangewys. Die prys word sedert 2012 jaarliks aan slegs vyf wenners toegeken. Fotograwe wat in aanmerking kom se werk moet hul oorsprong op die Afrikakontinent hê. Die prys sluit verskeie uitstallings en die bywoning van wêreldwye fotografiegebeure gedurende 2024 in. Lees hier meer: www.capprize.com/landing/winners2023

Nadia wil onthou word vir haar kuns en aanhou om kwaliteit werk te skep.

Volg Nadia by www.nadiaettwein.com

www.instagram.com/nadia.inreallife/

## Vloedskade vervolg



**Vloedskade by André en Yolandi Hanford se hoewe, asook hul bure, is duidelik sigbaar.**

Al die water het 'n pad gevind na die hoof dreineringsaar en stormwaterkanaal langs die Rooi pad wat Orania-Oos se water opneem. Orania-Wes se water kom onderdeur die teerpad, maar water was so baie dat dit bo-oor die R369 gevloei het. Die uiteindelike versamelpunt was die stormwaterbufferdam by die sonplaas. Die hoeveelheid was egter te veel vir die bufferdam, aangesien die helfte verby gevloei het na VKN se informele kampterrein toe. 'n Natuurlike laagtepunt langs die Rooi pad het die opdam wat 'n groot hoeveelheid water veroorsaak wat nêrens heen kon vloei nie. Die tweede en derde buie reën het blykbaar baie skade aan walle veroorsaak, aangesien die grond oral versadig was.

Isobel Horak se privaat houthuis by Aan-die-Oewer het oorstroom en haar meubels het vir byna twee dae dertig sentimeter diep onder water gestaan. Isobel se eggenoot, Wessell, werk in Angola en sy vertel dat sy vreesbevange was en baie alleen gevoel het toe dit gebeur. "Dit voel of die water binne 5 minute oral was," vertel sy. Daar is verskeie individue wat haar te hulp gesnel het, waarvoor sy baie dankbaar is.



**Hier is een van die vloedtonele by VKN waar skade aangemeld is.**

Willie Nel en sy skoonsuster, Yolandi Nel, mede-eienaars van Wilco Agri, sê dat hulle as boere baie afhanklik is van weervoorspellings, daarom het hul na die ongeveer 7mm reën, wat voorspel was vir 28 Desember, as welkome verligting uitgesien . "Ons was nie gerat vir die stortvloed nie," sê Yolandi.

Willie noem dat die tussen 80mm en 100mm, wat binne 'n uur geval het, nie deur die landerye op Vluytjeskaal-Noord (VKN) geabsorbeer kon word nie. "Ons aanvanklike skadeskatting was te hoog. Alhoewel ons heelwat spoelskade op landerye ondervind het, die water die wêreld vol geloop het en lande soos damme gelyk het, het die jong mielies reeds baie mooi begin herstel," vertel Willie op 'n positiewe noot.

Afgesien wat versuipskade op een land geelmielies wat nie kon dreineer nie en hael wat die springmielies getref het, sê hy dat die afgelope paar dae se sonkyn gehelp het om jong mielies te laat opstaan en lyk die algehele opsomming na 'n paar honderd duisend rand se skade. "Die taksering vir haelskade is gedoen, maar daar is nie noodwendig dekking vir spoelskade nie," noem hy. Hulle volg tans aanbevelings waar hul die kunsmisprogram aanpas en maak die grond los wat as gevolg van die baie water toegeslaan het, sodat suurstof en water weer kan penetreer. "Die landboubedryf het dus seisoenale skade opgedoen, maar nou fokus ons daarop om dreinering vir die gewasse te herstel," sê hy hoopvol.



**Isabel Horak se houthuis by Aan-die-oewer**

André van Heerden vertel van die uitvoerbare korttermynplanne wat tans deur die Orania Dorpsraad gemaak word, maar beklemtoon dat 'n vloedwatermeesterbeplanning dringend aangespreek sal word.

Koerania sal die proses volg en ons lesers op hoogte van die vordering hou.



***Klik om te kyk:** hommeltuigmateriaal van die Oranjerivier wat Vrydag 29 Desember by Aan-die-oewer geneem is.*

**Paul Vogel**

# Van pastorieseun na hoof van 'n opleidingsentrum

Dia van Staden - Redakteur

Dié Vrystaatse seuntjie het in Welkom sy laerskoolloopbaan voltooi en het saam met sy ma en dominee-pa na Potchefstroom verhuis waar hy by Gimmies hoërskool aangesluit het. Hy eindig saam met ander studentevriende in Patria manskoshuis by NWU op en skop sy studies in B.com Ondernemingsbestuur af. Hy moes woeker om saam met sy studenteliefde, wie nou sy vrou is, sy studies te voltooi, aangesien hulle saam die beroepswêreld wou betree.

Paul en Janie is in 2012 getroud en het hul in Pretoria gevestig. Janie het haar onderwysloopbaan begin en Paul het by Aros begin werk waar hy tussendeur sy honeursgraad in Personeelbestuur en Strategiese Ondernemingsbestuur voltooi het. Hy was vanaf 2016 as die Operasionele Bestuurder by Akademia aangestel, en het tydens sy tydperk daar in 2019 sy MBA voltooi.

Die verhuising na Orania aan die begin van 2023 hanteer Paul en sy gesin as 'n roeping. "Mens moet besluit wat jou roeping in die lewe is. Ons wil graag werk om 'n verskil te maak en hier kan dit wat ons doen, vir ons nageslag iets beteken," vertel Paul. Dié egpaar het self aan 'n nageslag gewerk en hul dogtertjie, Annie (7), en seuntjie Jan (4), het natuurlik saam verhuis. Paul is baie lief vir lees, visvang en houtwerk, maar vrye tyd gebruik hy deesdae om met sy kinders te speel.

Hy gesels met 'n aansteeklike energie oor die potensiaal van jongmense wat 'n groot impak op hul gemeenskap kan maak waar daar gehalte onderwys verskaf word en die studente positief beinvloed word om hulself te wees. "BKO moet kapitaliseer op ons unieke eienskappe omdat opvoeding in 'n veilige omgewing, by 'n kampus sonder mure, wat deur jou eie mense gebou is, geskied. Wie wil nie so 'n studentelewe geniet nie?"

## Die doelwit is vryheid deur opleiding en arbeid.

Tydens die gesprek word dit gou duidelik dat Paul 'n man met 'n positiewe uitkyk op die lewe is. "Ek sien eerder geleenthede as uitdagings en dit hou my opgewonde vir wat ons bou." Aangesien hy aan hegte familiebande glo besef hy dat sy vrou baie moes opoffer om die groot trek na Orania saam met hom te onderneem. Paul beskryf homself as 'n aanpasbare wese aangesien sy kinderlewe in 'n pastorie hom baie geleer het van 'n verskeidenheid omstandighede waarbinne mens perspektief moet behou. "Die Here bly in beheer, ongeag wat ons doen en wat ons besluit," voeg hy met 'n glimlag by.

Hy bieg dat aanlyn aankope die aanpassing van die stad af makliker maak. "Ons was gelukkig om in die Moot te bly, wat ook maar platteland was." Hy sien daarna uit om Oraniërs te ontmoet wat soos hulle glo, want volgens hom is die gemene deler die geloofsgrondslag. Hy en Janie wil besluite in die beste belang van hulle kinders neem sodat hulle nie eendag die massa se standaarde as die norm sal aanvaar nie.

Dié jongman hou van detail wat 'n volledig afgeronde prentjie moet vorm en daarmee 'n duidelike boodskap moet oordra. As deelnemende spanleier geniet hy dit om 'n dinamiese groep te lei sodat elkeen tot sy reg kan kom.

## "Die stof in Orania pla my. Elke dag!"

Stilsit is egter nie vir hom 'n opsie nie. Hy verduidelik dat hy iets van alles kan doen en hy verkies om met 'n projek besig te wees, eerder as om te sit en wag vir tyd om hom in te haal. Die feit dat hy doelwitgedrewe is voorkom verveling en alhoewel hy glo dat spanlede se modus operandi kan verskil, is 'n gemeenskaplike doel beslis belangrik. Deur met mense te werk laai sy energievlakke. Hy erken dat administrasie, alhoewel dit belangrik is, sy energie tap.

Vir Paul is daar drie fokusareas in Orania wat aandag moet geniet. Die dorp-tot-stad-tot-streek droom is vir hom belangrik voordat daar na die land gekyk kan word. "BKO en sy studente vorm 'n brug tussen stad en streek," voer hy aan. Hy noem dat Orania se behoefte oor vyf jaar anders sal lyk, maar dat 'n studentegemeenskap geleenthede skep. "Ons het 'n hoopvolle toekoms met ons oë op Christus wat vir ons toekomsperspektief gee. Ons is besig met Sy werk. Dit is nie in ons hande nie."

Hy glo daarin om in spanlede se sterk punte in te speel deur krities te wees, maar 'n veilige omgewing te skep waarbinne 'n opinie gelewer kan word. "Ons moet kan verskil om uiteindelik die regte besluit te kan maak. Die beste is nie noodwendig reg nie. Solank daar vertroue is, skep dit 'n veilige omgewing om in te verskil." Paul vertel dat hy maklik die mens binne die konteks kan raaksien en dat dit sy empatiese sy voed.




**Paul Vogel, Uitvoerende Hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum.**

Paul raak opgewonde wanneer hy voort borduur oor die belang wat Orania daarby het om 'n studentegemeenskap te akkommodeer. "'n Gemeenskap bestaan nie net uit een ouderdomsgroep nie. Orania sluit ook die volle spektrum van baba tot bejaarde in. 'n Gesonde en veilige omgewing beinvloed 'n student se lewe. Aangesien dit 'n tydperk is waarin 'n student nog mens word, bevestig dit juis die belangrike rol van 'n gemeenskap."

> **"Ek is soos 'n dirigent voor 'n orkes. Ek speel nie noodwendig 'n instrument nie, maar ek weet hoe elke instrument sy rol moet speel om 'n simfonie te laat opklink. Saam vorm dit 'n volle prentjie."**

Hy lê gedurig klem op gehalte opleiding wat 'n student se betrokkenheid en terugploeg in 'n gemeenskap tot gevolg kan hê. Paul se vyf-jaar-plan sluit ten minste 1000 studente uit 'n breë demografiese gebied in. "Ons het die wilskrag, energie en plek om dit te bereik. BKO se studierigtings moet ook voldoen aan die behoefte van die dorp sodat ons na 'n stad kan groei. Gehalte opleiding, met 'n nog sterker fokus op landbou en heelwat nuwe kwalifikasies vorm deel van my toekomsdrome."

Janie, Paul se vrou, is 'n onderwyseres. Deur hul onderskeie opvoedkundige rolle weet hy dat die nood vir kwaliteit onderwysers groot is en verstaan hulle dat die impak van 'n opvoeder enorm is. Hy noem dat die voorbeeld wat gestel word so belangrik is soos die kennis wat oorgedra word.

Paul se menswees is diep geanker in hoop. "Ons skep hoop deur opleiding en die arbeid wat ons daaraan koppel. Om 'n toekoms te bou moet daar hoop wees. BKO bring baie nuwe voete na Orania. Deur 'n gebalanseerde lewe aan ons studente voor te hou skep ons gebalanseerde en verantwoordelike volwassenes."




## Beskik ons oor die woordeskat vir ons vryheidstrewe?

Afrikaners is so lank **verkneg** deur die gebruik van **vreemde arbeid** dat hulle nie meer weet hoe dit voel om vry te wees nie. In Orania is ons besig om vryheid te herontdek. 'n Stadige proses omdat ons dikwels nog verlang na ons verknegting, dalk omdat ons niks beter ken nie?

As ons vryheid wil **konkretiseer**, moet ons dit verstaan. Om dit te verstaan het ons woorde nodig. Ons sal ons woordeskat moet uitbrei en nuwe woorde skep. Wat is jou woorde vir vryheid?

Vryheid het 'n **onderbou**, 'n ongeskrewe kontrak wat ons met mekaar, maar ook met ander moet onderneem. Vryheid is 'n **wilsbesluit**, dikwels teen die heersende denke. Vryheid is om 'n basis te kies en daarby te hou. Vryheid is om ons **wortels te herontdek** en te **leer uit ons foute**. Vryheid is **verantwoordelikheid**. Vryheid is 'n **roeping** waaraan ons as **gelowiges** gehoorsaam moet wees. Vryheid is om te onthou dat Afrikaners vryheid as 'n **opdrag in Christus** vind.

Ons het reeds ooreengekom op drie vaste pilare: **eie arbeid, eie instellings, eie grond**. Ons kies opnuut ons **Afrikanerkultuur**. **Afrikaans** is die taal van ons harte en dus van ons **keuse**. Laat ons dit maar weer vir mekaar sê: in woorde!

**Konsentrasiepolitiek**, **meerderheidsbesetting** en **demografie** word voor-afgegaan deur eie arbeid. Ons weet dat ons grondgebied klein genoeg moet wees dat ons dit **self kan bewerk**. Ons doen dit tree vir tree, terwyl ons **nuut en skeppend** dink, want die roete is nog ongekaart.

Is ons in wese **Volkstaters of Republikeine**? Verstaan ons dat Orania baie meer is as 'n klein, wit dorpie? Daarom leef ons in Orania nie in isolasie nie, ons is nie bang vir besoekers nie en ons weet dat ons nog baie sal **onderhandel**, selfs met ons vyande. Want ons is besig met groot dinge.

Alvin Toffler skryf: Selfs as ons klein dingetjies doen, moet ons dink aan die groot dinge waarmee ons besig is, sodat al die klein dingetjies in die regte rigting sal gaan.

Ons dink **idealisties**, maar werk **realisties**, soms **pragmaties**. Ons skep eie simbole, **bou eers 'n stad**, terwyl ons werk aan 'n **streek**, vestig die kiem van **onafhanklike regspraak**. Ons vestig **selfvoorsiening** ten opsigte van **energie**, die voorwaarde vir ontwikkeling.

Oom Dirk Viljoen, 'n stigterlid van Orania, skryf in 1991: "As die **wil bestaan**, kan die **stryd** vir **vryheid** van 'n volk aangeknoop word." Die voorwaarde is die **wil**. Daarna volg **stryd**. Om vryheid te kry is nie maklik nie. Dit kom teen 'n **prys**. Dit is soms om **strategies** te kies om dinge te doen wat 'n mens eerder sou wou nalaat. Vryheid is soms om moeilike **onpopulêre keuses** te maak, omdat dit die **regte ding** is om te doen. Die stryd word opgeneem deur dié wat **in vryheid glo**.

Vryheid vra dat jy meer moet gee as waarop jy gereken het, want ons bou 'n stad op 'n berg.

En uiteindelik is alles net **genade**.

**Soli Deo Gloria!**

## Orania Vakansiedae 2024

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaar |
| 27 Februarie | Slag van Majuba |
| 6 April | Stigtingsdag |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 9 Mei | Hemelvaartdag |
| 31 Mei | Bittereinderdag |
| 14 Augustus | Taaldag |
| 10 Oktober | Heldedag |
| 11 November | Witkruisdag *nie amptelike vakansiedag nie* |
| 16 Desember | Geloftedag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

BO-KAROO
OPLEIDING

# *Waar jy vry, veilig en voorspoedig*

# VIR JOU 'N TOEKOMS KAN SKEP!

Bo-Karoo Opleiding (BKO) bied die ideale geleentheid om ŉ nasionaal geakkrediteerde kwalifikasie in ŉ goed gestruktureerde landelike omgewing te verwerf. Hier verwerf studente nie net ŉ kwalifikasie nie, hulle word gevorm om as roepinggedrewe volwassenes die arbeidsmark te betree - stewig gegrond in hulle geloof en kultuur, besig om 'n hoopvolle toekoms te skep!

Bo-Karoo Opleiding bied 'n unieke studentelewe wat onskatbare waarde inhou vir studente. Studente word aangemoedig en ondersteun om hul passies uit te leef buite die klaskamer, nuwe idees te verken en hulself te ontwikkel as holistiese individue deur deelname aan geloof, sport, kultuur en sosiale aktiwiteite. Binne ons leierskapstrukture tree studente ook in verbinding met belangrike rolspelers, wat 'n betekenisvolle wisselwerking tussen die kampus en die gemeenskap moontlik maak. BKO se unieke studentelewe maak dit 'n voorkeur bestemming vir studente wat 'n vry, betekenisvolle en uitdagende studente-ervaring wil hê, wat hul pad sal voorberei vir 'n hoopvolle toekoms gerig op die vryheidsideaal.

Skandeer die QR-kode vir inskrywing

Tel: 053 110 0620 || WhatsApp: 061 768 1852
Epos: ontvangs@bokarooopleiding.co.za || CVO-Rylaan 1, Kleingeluk, Orania

www.bokarooopleiding.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANiA

**Pieter van der Walt**

# Die Tankwa Camino laat blywende indruk

Dia van Staden - Redakteur

Die Tankwa Camino geskied vanaf Calvinia tot Op die Berg. Vanaf 31 Augustus tot 10 September 2023 moes die 32 dapper stappers die 235km binne 10 dae aflê. "Hierdie keer het ek nie vir 'n fondsinsameling gestap nie, maar sommer vir my persoonlike ongerief," skerts Pieter.

Dié groep het uit 24 vroue en 8 mans tussen die ouderdomme van 40 en 70 bestaan. "Jongmense is nie volop met dié staptogte nie, maar dit is moontlik werksomstandighede wat hul deelname beinvloed," redeneer hy. Pieter vertel dat daar 'n paar ystervroue is wat die tog aangedurf het en dat hul 'n bewys is van vroue se uithouvermoë. Lené, Pieter se vrou, voeg by: "Julle moet onthou dat die kaalvoetvroue oor die berge is met lang rokke en kappies." Ter voorbereiding het hy vir weke lank elke oggens 5km gaan stap en naweke nog verder. Hy het so twee maande vooraf met sy nuwe skoene begin oefen sodat hul uitgetrap kon wees vir die werklike ervaring. Hy erken dat hy nie die Karoo té gereeld met dié afstande in die somer sou aanbeveel nie, maar dat fiksheid tot jou voordeel is.

Die Red-'n-plaas staptog wat Pieter in April 2023 aangepak het, het 'n duidelike doelwit gehad, terwyl die Tankwa se 20 tot 27km per dag enige persoon tot ander insigte dwing. "Jy trek voor sonop weg sodat jy die 4 tot 6 ure se stap vir die dag teen ongeveer 13:00 kan afhandel," verduidelik hy.

Wanneer elke individu op hul eie tyd by die oornagplek arriveer word daar tent opgeslaan, gewas, voete gedokter, geëet en gerus. Aangesien die nag dan nog effe ver is en daar geen almanak of selfoonsein is nie sorg dit vir genoeg gesels- of kuiertyd. "Jy beweeg saam met die son. Daar word geëet terwyl dit nog lig is. As dit donker word gaan klim jy in jou tent en slaap," vertel Pieter. Hy voeg by dat hy nog nooit sukses met 'n "afblaasmatras" gehad het nie en daarom dra hy 'n oprolmatras, slaapsak, kombers en kussing vir slaaptyd saam. Ander belangrike inpakgoed is onder andere medikasie vir maagsake of pyn, krampgoed, pleisters, naald en garing vir waterblase, mercurocrome en spiritus vir jou voete. "Deur jou voete elke aand na die stap met spiritus te smeer maak die vel sterk en voorkom blase. Behoorlike stapskoene, wat aanvanklik seker jou grootste uitgawe is, goeie binnesole en 'n paar pare kwaliteit sokkies is nie onderhandelbaar nie," voeg hy by. Volgens hom is mense soms hardkoppig en hou aan stap terwyl hulle voete ooreis word. Dit is dan wanneer pynlike waterblase ontwikkel.

**"Ek wil beslis 'n eentonige lewe van werktoe en huistoe vermy. Die "ander" wêreld wat jy betree het my getrek."**

Iets wat Pieter telkemale met soortgelyke ervarings leer is om nie 'n boek volgens sy omslag te beoordeel nie. "Daar is geleerdes in die groep en hulle voeg baie waarde tot gesprekke toe," sê Pieter. Hy verduidelik dat baie mense stap om weer perspektief op die lewe te kry. Terwyl sommige persone verkies om alleen te stap en stil te wees, is daar ander wat oor die lewe en sy uitdagings praat en natuurlik leen die mooi natuur hom tot baie ditjies en datjies waaroor gesels, bespiegel en gefilosofeer kan word.

Aangesien die tog op 'n grondpad is en nie in die veld nie, dra jy gelukkig net jou verversings vir die dag saam met jou. 'n Sonhoed en sonskerm vorm 'n onafwendbare deel van jou staptoerusting. Elkeen kan langs die pad rus wanneer hulle so voel. Pieter gee nie vir sy stapmaats baie tyd om verveeld te raak nie, want hy het tydig en ontydig 'n geleentheid gesoek waar hy in 'n sloot of agter 'n wal sou wegkruip sodat hy iemand kon skrikmaak wanneer hulle ewe onbewus en in stilte verbystap.

Pieter vertel dat hy graag weer die kleiner groep se staptog sal aanpak, aangesien daar dan tyd is om met almal te kuier. Alhoewel hy lighartig kan wees kom daar 'n ernstige trek op sy gesig terwyl hy sy kop stadig knik om die erns van die ervaring te beklemtoon. "So iets maak 'n blywende indruk op 'n mens se psige en bring verandering in jou denke."

**"Wanneer jy tuiskom waardeer jy weer wat jy het. Jy waardeer weer jou kwaai vrou, 'n stort, spoeltoilet, warm bed en lekker kos."**



Pieter van der Walt...
Dit is nie elke persoon wat so 'n afstand vrywilliglik aflê en met 'n glimlag terugkeer nie. Om te sê dat hy die Tankwa Camino voltooi het, is 'n prestasie en laat hom tevrede voel oor iets wat hy nuut aangepak het.



Dit is tyd om die voete met spiritus te smeer.



Jeugkorps

# Jeugkorpslede word met trots voorberei

Sedert 2020 het Theuns Wessels, die hoof van Weerbaarheid in Orania en Jeugkorps instrukteur, jongmense tussen die ouderdomme van 17 en 23 begin voorberei om patriotisme vir Orania te ontwikkel.

Die Jeugkorpsprogram sluit ses naweekkampe gedurende die jaar in wat aktiwiteite soos marsjeer, noodhulp, veldkuns, skietkuns en ons ryk geskiedenis insluit. Dit is vir die instrukteurs belangrik om die Orania-idee by die jeug tuis te bring.

Theuns vertel met trots wat die sukses van die program duidelik is aangesien lede gereeld na hul ervaringe, maklik en uitdagend, verwys wanneer hul daaroor uitgevra word. "Ons jongmense het begronding nodig en aangesien hulle die toekoms van Orania is, is hierdie die ideale voertuig om daardie kwaliteite en kennis oor te dra," sê Theuns.

In haar toespraak het Magdaleen Kleynhans, 'n instrukteur, gesê: "In hierdie uitdagende opleidingsproses leer die Jeukorpsrekrute nie net om individueel uit te blink nie, maar om as 'n onverslaanbare eenheid op te tree. Of dit nou navigasie, taktiese vaardighede of kommunikasie was, julle het nie net bestaande vaardighede verbeter nie, maar ook nuwes ontwikkel."

Ander persone wat as instrukteurs optree is Phillip Myburgh, Cobus Kirsten, Guilaume van Rensburg en Stefan Human. Die 2023 lede van die korps sal gedurende 2024, met die hulp van die Taakspan, as mentors opgelei word sodat hulle stelselmatig 'n meer formele rol binne die program kan vervul.

Op 31 Januarie om 17:30 sal daar 'n inligtingsessie en inskrywingsgeleentheid by die Gemeenskapsveiligheidsentrum vir persone wat hierdie waardevolle program oorweeg, aangebied word. Kontak Theuns Wessels by 071 3522 754 vir meer besonderhede.

### Presteerders in 2023

**Eldien Kirsten** is aan die einde van 2023 as 'n lid van die Jeugkorps as top presteerder aangewys. Eldien is 'n werkende jong dame wat balletklasse gee, 'n afrondingskool begin het en 'n werkende lid van ons gemeenskap is. "Ek is deur my broer, Cobus Kirsten, oortuig om deel te word van die Jeugkorps, aangesien hy die program voltooi het. Ek het dit as 'n uitdaging gesien en 'n geleentheid om iets nuut te leer," vertel Eldien. Die program het haar geleer dat sy tot meer in staat is as wat sy ooit vermoed het.

Die grootste les, volgens haar, was om al die nodige warm klere in 'n sak te pas sodat sy in die middel van die winter in die veld kon slaap en oorleef. "Ek was hoogs onsuksesvol," spot sy. Sy vertel dat sy beslis iemand sou aanbeveel om die program te volg. "As jongmense kan verstaan dat jy BUITE jou gemaksone moet leef om persoonlike groei te kan beleef, sal hulle hiervan deel word!"

Eldien voel dat die jeug in dié moderne tye moet leer dat hul slegs op God kan vertrou. "Ek het hoop vir 'n goeie toekoms, maar meer van die jeug moet erns maak met die toestand waarin ons land is en hulself met die nodige vaardighede bemagtig om 'n verskil te kan maak," sê sy op 'n ernstige noot.

Haar slagspreuk: "The best time to raise dragon slayers is in a time of dragons."

Eldien sien daarna uit om uitdagings in die toekoms met meer selfvertroue aan te pak.

**Hermanus Havenga** is trots om as 'n Jeugkorpslid van 2023 erkenning te kry vir sy volgehoue lojaliteit en uithouvermoë. Hy werk tussen die pekanboorde by Vluytjeskraal 272. Alhoewel Cobus Kirsten hom ook oortuig het om by die program aan te sluit wou hy nuwe vaardighede buite sy gemaksone aanleer.

Sy grootste les was dat jy jouself moet toelaat om foute te maak. "Om 'n besluit te in 'n gegewe situasie te neem en nie te lank te wag voor jy die besluit maak nie, is belangrik. Ek maak liewer die verkeerde besluit en leer daaruit as wat ek geen besluit neem nie," sê Hermanus.

Hy vertel dat dit 'n uitdaging was om 'n seksie te oortuig dat almal hul insette kan lewer en dat kommunikasie belangrik is. "Leierskap verg baie van 'n individu," noem hy.

Hermanus sal graag ander lede van die jeug aanmoedig om deel te word van die Jeugkorps, want jy leer nuwe vaardighede aan en die hele proses toets jou fisies- en emosionele vermoë. "Die Jeugkorpskampe druk jou fisies en emosioneel tot op 'n plek waar mens nie gewoonlik uitkom nie, want 'n mens gee op voor dit erg raak," vertel hy.

Hy wil die jeug motiveer om soms die nar in 'n situasie te wees, met die wete dat jy dalk 'n fout gaan maak. "Hoe gaan jy weet as jy nie probeer nie?"

Hermanus is 'n man wat graag eendag wil trou maar hy hou vol dat hy vanjaar meer aktiwiteite buite sy gemaksone gaan aanpak en dat sy besluitneming vinniger sal geskied.



**Links: Theuns Wessels, Jeugkorps-instrukteur in die middel met Eldien Kirsten en Hermanus Havenga, die twee top presteerders van die 2023 rekrute.**



Johan de Lange

# Met nederigheid sprei hy sy vlerke

Johan de Lange is selfs in sy vriendekring bekend as 'n boerseun en het verskeie persone verras toe hy onlangs as Instrukteur van die Springbok Vliegakademie in Orania aangekondig is. Johan is 'n Graad III vlieginstrukteur met ongeveer 380 vliegure onder sy vlerk. Johan het sy vliegloopbaan in 2018 by Westline Aviation in Bloemfontein begin. Hier het hy ongeveer 70 ure se ondervinding as instrukteur opgedoen.

Johan en Marli is byna 2 jaar gelede getroud. Hy beskryf sy vroutjie as sy steunpilaar wat hom van die begin af in sy vliegloopbaan ondersteun. Sy ouers, Johan en Anneke, is albei grootliks by die boerdery betrokke en hy verwys met baie trots na hulle as 'n hegte gesin wat dit geniet om tyd saam te spandeer. Sy sussie, Anel, beplan om vroeg vanjaar in die huwelik te tree en die egpaar gaan 'n paar jaar in Amerika woon.

Pa Johan het lank aan sy seun gekarring om sy vlieglisensie te kry, om ten minste 'n agterdeur oop te hou as die landbougraad nie vir hom werk nie. Die vliegstorie begin toe sy aantrekkingskrag kry nadat Johan 'n opedag by 'n Bloemfonteinse vliegskool beleef en 'n inleidingsvlug onderneem het.

"Ek was veral beïndruk met die struktuur en dissipline waarop alles in die bedryf gedoen word. Daar is geen kortpaaie, ongeag wie jy ken, kan niemand jou help om 'n trappie van die leer oor te slaan nie, en alles verg harde werk en baie dissipline," vertel 'n nederige Johan. Hy vertel dat sy glimlag met elke opstyg vanaf die aanloopbaan verbreed en sy vinnige aanvoeling vir die instrumente en kontroles redelik natuurlik gekom het.

Hy verduidelik dat vlieg nie 'n moeilike taak is nie, maar dat die opstyg en landing meer fokus verg. "Waar dit moeilik raak is as daar in die lug 'n fout opduik en jy kan nie van die pad aftrek om die probleem te ondersoek nie…"

Die voorvlug kontrolelys moet baie aandagtig deurgegaan word voor elke vlug om te verseker dat daar geen voorkombare probleme tydens die vlug is nie. Dokumentasie van 'n vliegtuig, die dokumentasie en beplanning vir die vlug, jou voorvlugkontrolelys, die nagaan van brandstof en oliehoeveelhede is voorbeelde van wat nagegaan word voor 'n vlug. Indien iets tydens 'n vlug gebeur moet jy baie vinnig die situasie opsom en 'n veilige landingstrook kies wat die minimum skade aan die passasiers, vliegtuig of jouself gaan doen.

Johan het 'n baie eenvoudige en gestruktureerde sisteem saamgestel waarmee hy en die voornemende studente van 'n kant af gaan begin werk. Die inhoud behels grondskool, 'n inligtingsessie spesifiek vir die oefening van elke dag en 'n volledige lys van presies wat van die student verwag word voor, tydens en na 'n vlug. Die doel van die sisteem is om die student gerus te stel en presies te wys wat van hom verwag word.

Dié jongman is baie dankbaar vir die geleentheid wat Springbok Vlieg- en Grondakademie en die span hom bied. "Ek is baie lief vir die boerdery, maar ek sal altyd 'n passie hê vir vlieg. Oom Flippie, Petro en Ben het my droom baie vinnig 'n realiteit gemaak en ek kon nie vir 'n beter span gevra het nie. Ek sien daarna uit om onder hul leiding meer te leer van die bestuur en operasionele kant van die vliegskool.," vertel Johan opgewonde.

Johan kon sy privaatlisensie (PPL) binne 3 maande voltooi en dit was net die landings wat effens meer tyd geneem het om te bemeester. Alhoewel hy gespanne was oor die radiowerk, het hy dit vinnig onder die knie gekry. Die kommersiële lisensie (CPL) was wel 'n ander saak. Die vliegoefeninge met 'n instrumentgradering was op daardie stadium vir Johan uitdagend en die 10 vakke wat hy moes skryf het baie van sy tyd opgeneem.

Daar is 'n paar algemene foute, het hy al ondervind, wat soms deur studente gemaak word. Aangesien daar spesifieke oplossings vir spesifieke situasies is, vergeet studente soms om die korrekte stappe te neem om 'n fout te korrigeer. Hy voeg by dat studente radiotransmissies of sekere vlugkontroles nalaat aangesien dit 'n tydjie vat om gewoond te raak aan die kajuitomgewing en prosedures.

Johan skets 'n ideale kandidaat wat as 'n vlieënier wil kwalifiseer as iemand wat leiding kan neem, wat kan kommunikeer, verantwoordelik is, 'n sin vir rigting het, kalm kan bly in 'n oomblik van nood en wat vinnig en met selfvertroue in alle omstandighede kan optree. "Dissipline en self verantwoordelikheid om jou en die passasiers se veiligheid bo alles te stel, is van kardinale belang," beklemtoon Johan.


Johan en Marli de Lange

Sy droom vir Springbok Vliegakademie is om 'n suksesvolle vliegskool te wees waar studente hul lisensie sonder onnodige struikelblokke kan voltooi. "My eerste prioriteit is nou om ons eerste studente na die beste van my vermöe op te lei en dalk kan ons eendag vragte vlieg of betrokke raak by mediese vlugte na groter stede," droom hy verder.

Kontak Petro van Wyk, algemene bestuurder van die Springbok Vliegakademie by 083 307 6112 vir meer besonderhede.

## Fondse vir vloedskade op die maat van musiek











Op Saterdag 6 Januarie het die Weltevreden Dansakademie 'n dans as vloedskade fondsinsameling in die Orania Gemeenskapsaal aangebied.

Nie alle Oraniërs is al terug in die tuig nie, maar dié wat wel so vroeg in die jaar hulle ritme kon toon was daar! Daar is lyndanse, walse, langarmsokkie en ruk-en-rol danse uitgevoer. Die stortreën wat aan die einde van Desember plek-plek verwoesting gesaai het, het hierdie geleentheid genoodsaak.

Die dans was 'n heerlike losmakertjie, maar die fondsinsameling eindig nie hier nie. Hier is die bankbesonderhede vir enige persoon wat steeds hul bydrae wil maak vir die meer spoedige herstel van infrastruktuur by huise, besighede, tuine en ander geboue.

Alle bydrae word opreg waardeer!

**Orania Helpmekaar**
**Eerste Nasionale Bank (FNB)**
**Rekeningnommer: 62833708425**
**Verwysing: Vloed**
**Takkode: 230 203**

**Orania Helpmekaar**
**OSK: GO 015**
**Verwysing: Vloed**



## Steve se Maandaggesels

Steve Hofmeyr het op Kersdag sy gereelde Maandaggesels op sosiale media gebruik om, onder andere, Koerania, die nuwe gemeenskapskoerant van Orania, aan sy volgers bekend te stel. Die volgende maandelikse digitale uitgawe verskyn op 9 Februarie 2024.

Lees saam by www.koerania.co.za
of kontak ons by redakteur@koerania.co.za
of advertensies@koerania.co.za vir meer besonderhede.

**Kyk gerus sy video hier**



Blikkiesdorp in die Deadwood Krygsgevangenekamp op St Helena. 12 mans moes saam in 1 tent slaap - daarom het sommige van hul 'n blink plan gemaak en van blikke vir hulself hutte gebou - vandaar die naam Blikkiesdorp. Let bietjie op die hut se naam - Vierkleur Kasteel.























# BLIKKIESDORP KOSHUIS

**is 'n koshuis met unieke voordele en 'n gesonde studentegees!**


















**KONTAK**

**JAN SNYDER**
**084 603 1827**

**NICO BASSON**
**071 244 6974**

ORANIA PIONIER

# Panfluitmaker en sy Arbeidsterapeut bou saam aan Orania

Na twee kuiers het die le Grange egpaar geweet dat hulle in Orania wil woon, werk en bou en het hulle in 1993 hulle lewe in Bronkhorstspruit opgepak. Hulle Waterwesehuis, waarin hulle vandag nog woon, het toe R58 000 gekos.

Dit was na ʻn seminaar wat deur AVSTIG (Afrikanervryheidstigting) aangebied is dat Koos ook ʻn besoek van dr Carel Boshoff by sy speelgoedfabriek ontvang het. "Hy het my vir Orania kom werf," vertel Koos. Vir Koos was dit die enigste groep wat ʻn werkbare oplossing gebied het en die Noord-Kaap se populasie was toe al van so aard dat die Afrikaner ʻn meerderheid in die gebied kon vorm.

Koos en Marinda het hul woonwa gehaak en Orania besoek om te sien waaroor die bohaai gaan. Hulle vertel dat die Orania-idee idillies was en dat die gedagte van vrywees tot hulle gespreek het. Selfs die duwweltjies wat die hele woonwapark vol was en die swembad wat vol modderwater was kon hulle nie afsit nie.

Dié twee het nie vreeslike verwagtinge gekoester nie, maar die realiteite van hulle nuwe woonplek het hul tog verras. "Ons het materialisme gegroet en gevoel dat ons nie meer nodig het om met die bure te kompeteer nie. "Hier was nie Jones's in Orania nie. Solank jou kar kon ry, al was dit ʻn ouer voertuig, was dit gaaf," deel hulle.

Marinda het die "selfonderhoudend" baie ernstig opgeneem en ʻn melkbok aangeskaf sodat sy hulle eie bokmelk, roomys en maaskaas kon maak. "Ek het eers later agtergekom dat jy ʻn bok droë lusern moet voer sodat die melk nie so vreemd moet smaak nie," lag sy.

Hulle vertel van toeka se bedrywe soos ʻn melkplaas en kaasmaker wat met hulle aankoms in Orania verkrygbaar was. "Ek het op my fiets met die mandjie gespring elke tweede dag alles gaan koop wat ek nodig gehad het," sê Marinda. Hulle dink met verlange terug na die dae toe alles baie rustig en sonder ʻn gejaag verloop het.

Koos en Marinda onthou baie goed dat daar in daardie dae nie ʻn slaghuis was nie en dat jy maar rond gebel het vir ʻn boer wat moontlik iets slag sodat jy op dié manier vleis vir die pot kon bekom. Naderhand het Koos ʻn tweedehandse saag gekoop sodat hy self sy skaapvleis kon opsny.

Marinda vertel dat die hele gemeenskap se vroue by die kerk sou vergader om al die dorings te probeer uitskoffel, en dit was vir besoekende joernaliste ʻn vreemde gebeurtenis. Kinders het in daardie jare in ander inwoners se tuine vir sakgeld gaan werk, wat natuurlik die selfwerksaamheid-gedagte van ʻn jong ouderdom af vasgelê het.

Die antwoord op die vraag van hoe hulle oorleef het, sou niemand verwag nie. Koos het panfluite gemaak, vanweë sy vernuf met hout, en Marinda, as kunstenaar, het volstruiseierdoppe geverf sodat hulle dit maandeliks by die Bloemfonteinse mark kon verkoop. Hulle bibber sommer weer as hulle onthou hoe koud dit was en dat jy nogal moes wikkel om ʻn uitstalruimte daar te kry.

**1 Thessalonissense 4:11 was die teksvers wat hul as rigtingwyser aangewend het.**

### Marinda verf haar pad oop

Marinda, ʻn arbeidsterapeut, wie se pa nie wou toeMarinda, ʻn arbeidsterapeut, begin toe die Jubel en Juig kleuterskool by hulle Kleingelukhuis na hulle skaars aangeland het. Sy het die skool vir byna tien jaar bedryf.

Vir nog tien jaar daarna het sy Afrikaans as vak by die Orania CVO-skool vir Gr4 tot Gr7 leerders gegee. Dit was ʻn waagstuk, maar sy was baie gelukkig toe sy haar kunsloopbaan voltyds kon beoefen.

In Orania hang haar kunswerke reeds in ʻn verskeidenheid primêre instellings se ontvangsareas, raadsale en kantore. "Nou is ek met die kleinkinders besig, want hulle het my nodig," vertel sy, terwyl ʻn kleinseun homself opvoedkundig besighou onder ouma se wakende oog.

### Koos se passiewe planne

Koos het moedeloos geraak nadat daar tweekeer by sy fabriek in Bronkhorstspruit ingebreek is en waardevolle masjienerie en kragopwekkers gesteel is. Hy is dankbaar dat God hul gelei het om te trek. Van 1993 tot 1995 het Koos trommels vol speelgoed namens die RGN vanaf Orania vervaardig, verpak en na kliënte versend. Koos se plan om panfluite te begin maak is uit nood gebore, maar hy kon dit maklik alleen vervaardig. "Alles wat my hand kon vind om te doen het ek gedoen," vertel die vindingryke man.

Hy het kombuiskaste begin bou toe daar ʻn behoefte was. Die mark het egter versadig geraak, maar sy planne het nog nooit opgeraak nie. Koos het selfs vir ʻn tydperk as klankingenieur vir funksies en kunstenaars opgetree.

Koos moes op ʻn stadium terwille van sy seuns sy houtwerkmasjienerie vir meer meganiese masjienerie verruil, aangesien sy seuns nie houtwerk as ʻn loopbaan oorweeg het nie.

Ampie Venter, ʻn vriend van Koos, het drie patente besit. Koos het gedurende die afgelope twintig jaar gewerk aan die ontwikkeling en vervaardiging van die praktiese patente. Die eerste een was ʻn brandyster waarmee die boere hulle beeste sonder ʻn vreeslike beslommernis kan brandmerk. Dit verg ʻn 12volt battery wat ʻn boer maklik agterop sy bakkie saamry. "Nou is daar geen vuur, vlamme of gasbottels wat leeg raak benodig nie. Selfs die groen persone het daarvan gehou omdat die proses nie ʻn dier immobiliseer nie." Ampie het die patente intussen verkoop.

Onthoringysters is die volgende patent wat Koos ontwikkel het, sodat beeste se horings nie verder kan groei nie. Hierdie werk ook met ʻn 12 volt battery. ʻn Derde patent was ʻn unieke skaapstertknipper wat geen bloeding veroorsaak nie.

Koos het ʻn kop vir beplanning en het later besef dat ʻn passiewe inkomste met die verhuring van drie ander eiendomme en die verhuring van ʻn werkswinkel ʻn gemakliker aftrede kan meebring.

### Die kinders

Toe die le Grange's in Orania arriveer was Jacobus in standers 6, Cornelis was standerd 4, sussie Maryna in standerd 1 en Rudolf, die jongste, was 4 jaar oud.

Jacobus het meganiese ingenieurswese studeer en daarna op argitektuur besluit. Hy woon tans in Brackenfell. Cornelis, ʻn swaardiens meganiese passer, het vir 15 jaar by ʻn ysterertsmyn in Australië gewerk, maar keer eersdaags terug na Suid-Afrika. Maryna is getroud met Bennie Hoffmann en hulle woon in Orania. Sy bedryf ʻn juwelierswinkel. Rudolf Regmaak was hulle jongste se bynaam, aangesien sy hande vir niks verkeerd staan nie. Hy bestuur en bedryf nou ʻn boer se 6 000 hektaar saaiplaas in Australië. "Ons kinders is dankbaar dat hulle hier hul kinderlewe kon deurbring. Hulle het geleer om te werk. Hulle kon in vryheid swem en langs die rivier kamp. Hulle pluk vandag die vrugte van daardie grootwordtyd."

**"Ons maak nie van ʻn ander volk se mense gebruik om ons vuil werk te doen nie. Ons is nie verhewe bo enige werk nie."**

Hulle is in Orania om ʻn volkstaat te help bou terwyl die gemeenskap met mekaar "snorre skuur", soos prof Carel Boshoff altyd daarna verwys het, wanneer daar gekommunikeer word.




**Marinda en Koos le Grange is dit eens... Kom, maak gou! Kom Orania toe vir die regte redes. Jy moet ʻn "bouer" wees. Vra wat jy vir Orania kan bied, nie wat Orania vir jou kan doen nie.**




Volgens verskeie kenners word die woorde "sit stil" en "bly stil" die meeste deur onderwysers in klaskamers gebruik. Alhoewel die belangrikheid van ʻn gebalanseerde lewe gepredik word, en sy bevestig persoonlikheid hanteer te word, kan geen kind hul volle potensiaal bereik sonder om te BEWEEG en te KOMMUNIKEER nie.

Volgens Sanet van Deventer, eienaar van EduTainment, behoort elke kind volgens persoonlikheid hanteer te word, en sy bevestig dat dit verseker moontlik is! Sy noem dat die ekstroverte geleentheid gegee moet word om in groepe te werk, te beweeg deur die uitdeelwerk te doen of boodskappe te neem. "Die individualiste moet uitdagings gebied word, geleentheid gegun word om te ontdek, en hul idees, hoe vreemd ookal, te kan voorlê of vertel. Die kinders wat van voorspelbaarheid en roetine hou moet weet wat van hul verwag word, en toegelaat word om rustig en in detail te kan ontdek en ondersoek," skryf sy.

Petrus Jacobs, eienaar van Kansvatter redenaars en ʻn Besigheidsmentor sê: "Kommunikasie is ʻn integrale deel van ons menswees. Mense gebruik kommunikasie as ʻn middel tot ʻn doel. Ons gebruik woorde om uitdrukking te gee aan ons emosies. Goeie, duidelike en spesifieke kommunikasie vorm ʻn integrale deel van ouerskap. Die moderne ouer wat hul kinders vir die moderne snelveranderende wêreld grootmaak, het ongelukkig nie meer die luuksheid om te kan glo dat kinders gesien maar nie gehoor word nie. Kinders moet gehoor word, want dis juis hulle wat die leiers van more is. Die wens is dat kinders wêreldklas sprekers sal word, sodat elke raadsaal in die wêreld van hulle kennis sal neem."

**Koerania wens elke opvoeder en ouer ʻn produktiewe 2024 toe!**

Vasbyt

# Taakspan en ander byt vas

Op Vrydag 8 Desember om 20:00 het byna dertig individue die jaarlikse Vasbyt van 60km aangepak met elk 'n verpligte 10kg rugsak oor die skouers. Water, smeermiddels, warm klere en medikasie maak die grootste deel van die gewig op. Nie almal wat weggespring het, het die staptog voltooi nie, want verskeie kwale van krampe tot waterblase het sommige moedige stappers gedwing om die aftog te blaas.


Die staptog geskied op ongelyke terrein waar daar regdeur die nag gestap word en daar weinig geleentheid is vir 'n drentelstap. Die laaste ongeveer 7km het 'n paar vrywillige stappers uit die gemeenskap by die groep op die R369 aangesluit om die slotsnikke van die Vasbyt te beleef. Selfs toe is daar nie gedrentel nie. Met die huis binne bereik is daar baie vinnig gestap en selfs gedrafstap tot by die veiligheidsgebou in Orania. Dié jaarlikse uitdaging is vanjaar skuins na 07:00 die Saterdagoggend afgehandel.

'n Uiters dapper student het die agterhoede gedek en wou soms moed opgooi. Hy is deur sy makkers bemoedig en daar was nie 'n kans dat hulle hom sou toelaat om nie sukses te behaal nie. Dr Louis Bothma was die oudste persoon wat die Vasbyt flink voltooi het. "Dit was nie maklik nie," deel hy met Koerania se redakteur.


Die kameraderie en spangees wat deurlopend geheers het, was die faktor wat die klein groepie wel laat klaarmaak het. Dié jaarlikse fondsinsameling vir toerusting wat die Orania Veiligheidsdienste se Taakspan benodig, sal in 2024 weer aangebied word.














## Musiek het terapeutiese waarde

'n Samewerkingsooreenkoms tussen navorsers en die musiekgroep, Marconi Union, het tot die skep van die wêreld se mees "ontspannende lied" gelei. Die oorspronklike lede van die orkes, Jamie Crossley en Richard Talbot het mekaar in 2000 ontmoet waar hulle in 'n platewinkel in Manchester gewerk het. Duncan Meadows, klawerbordspeler, het in 2010 by hulle aangesluit.

Die orkes en 'n navorser het met 'n klankterapeut van die Britse Akademie van Klankterapie meegewerk om dié lied, wat klaarblyklik wetenskaplik bewys kan word, tot die afname van spanning en angs lei, gekomponeer.



Karlien en Johan Erasmus

Die lied, Weightless, begin met 'n tempo van 60 slae per minuut, wat die gemiddelde hartklop van 'n volwassene se rustende hart is. Die ritme van die musiek gaan stadig oor na 50 slae per minuut, wat so beplan is sodat die luisteraar se hartklop gelei word om stadiger en rustiger te word.

Mindlab International, spesialiste in neurowetenskap en verbruikersgedrag het 'n groep van 40 deelnemers gevra om die raaisel op te los. Hul fisiologiese reaksies is gemonitor terwyl daar na 10 verskillende liedjies geluister is. Die lied Weightless het al die ander liedjies se uitslae geklop. Spanning het verlaag en angsvlakke het met byna 65% verlaag. Die kalmerende effek het ander fisiologiese merkers ook aangespreek. Luisteraars het 'n stadiger hartklop, laer bloeddruk en 'n afname in asemhalingstempo's beleef.

Studies toon dat dié musiek sekere terapievorms kan vervang of ewe effektief kan wees. Volgens kenners kan individuele musiekkeuses beslis spanningsvlakke verlaag.

Kathleen Howland, 'n professor in musiek by Berklee College of Music, het vir Psychiatrist.com gesê dat die bevinding 'n interessante teorie is, maar moontlik nie akkuraat nie. Mense verwys gereeld na musiek as 'n universele taal, maar tog word wyd bespiegel oor die sielkundige waarde van dié spesifieke keuse.

Howard verduidelik dat musikale verwysings 'n fyn ingesteldheid toon en dat persoonlike voorkeure, kultuur en omgewing bepalende faktore is wanneer dit by musiekvoorkeure kom. "Jy kan nie net een stuk musiek gebruik en dink dat dit vir almal sal werk nie," sê sy.

Die musiekstuk is gekomponeer sodat dit die luisteraar kan meevoer en die breingolwe met die frekwensies van die musiek "sinkroniseer". 'n Tapiserie van lae frekwensies, stadige tempo, sagte en kalmerende klanke vorm die lied se basis. Klaviere, kitare en klokkies skep die melodie. Navorsers beweer dat die gebruik van hierdie konsepte dopamine in die brein laat vloei en 'n positiewe gevoel ontketen. Die natuurklanke soos water wat vloei en voëlgeluide lei daartoe dat die luisteraar identifiseer met lewende goed en een voel met die natuur.

Karlien en Johan Erasmus van Erasmustherapy in Pretoria sê: "Musiek word na verwys as die taal van emosie. Met musiek in ons lewens kan ons verskillende nuanses inkleur: Van die skep van 'n nodige uitlaatklep, die oproep en koestering van spesiale herinneringe tot om slaap te verbeter, spanning te verlig en jou brein te stimuleer. Navorsing het bewys dat musiekbeoefening, asook die luister na musiek, angsvlakke kan verlaag, slaap- en pynervaring kan verbeter, asook algemene welstand en 'n gevoel van geluk bevorder kan word. Goed-voel hormone word afgeskei en emosionele kwaliteit word by jou lewe gevoeg."

Hulle noem dat musiek dans inspireer, wat 'n positiewe uitlaatklep en stimulasie vir die brein is. 'n Goedvoel-spasie. "Dit is 'n aktiwiteit wat jy gerus in die nuwe jaar kan probeer!" moedig hulle aan.

Lees gerus by www.psychologytoday.com vir artikels oor aanverwante temas en volg Erasmustherapy by erasmustherapy.com om te sien wat hulle spesialiteitsvelde behels.

Kenners deel die feit dat dié musiek, anders as wanneer medikasie toegedien word, geen negatiewe effek of komplikasies vir die liggaam kan inhou nie.


**Luister gerus self hier!**

## Vakansiepret in Orania



**By die pragtige Orania Gemeenskapswembad is daar na hartelus geduik en geswem.**











# Geloftefees by Aan-die-Oewer

**Dia van Staden** - Redakteur

Oraniërs en talle besoekers herdenk jaarliks die Gelofte wat 185 jaar gelede deur ons voorgeslagte afgelê is. Vanjaar was weereens 'n pragtige geleentheid wat op die grasperk by Aan-die-Oewer aangebied is.

Honderde mense het sommer vroeg al met hulle stoele aangestap gekom om onder die pragtige bome plaas te neem. Daar is oor-en-weer gegroet en gesinne en vriende was gereed vir 'n oggend van samesyn rondom die gebeure wat tot die viering van 16 Desember gelei het.

Riaan en Marcel Jacobs het die voorsang hanteer en daar is heerlik gesing. Ds. Willem Boshoff het die erediens waargeneem waarin hy beklemtoon het dat ons volk, soos die Trekkers van ouds, tot die Here moet vlug in tye van nood, maar ook in voorspoed.

James Kemp het as spreker opgetree en die geskiedenis rondom die slag van Bloedrivier voorgehou. Hans van Staden het die Gelofte voorgelees.

Na afloop van die formaliteite is daar heerlike gemmerbier en koekies bedien terwyl die gesels en gekuier voortgeduur het.



Anje en Carel Boshoff in hul tradisionele kleredrag.






## Openbare Kuns

Die Geloftemuur by die vulstasie is 'n prag kunswerk wat Oraniërs herinner aan 16 Desember 1838, die dag waarop 'n Goddelike wonderwerk plaasgevind het. Andries Pretorius se laer is gespaar teen 'n oormag Zulu's. Hierdie muur beeld ossewaens van die Groot Trek aan die een kant en Sarel Cilliers wat die gelofte aflees aan die ander kant uit. Plaaslike kunstenaar, Petra Langner, was die skilder.

*Foto: Dr Louis Bothma*



KOERANIA Besigheidslys
Gebruik ons aanlyn besigheidslys om besighede in Orania te vind
SKANDEER MY!
LEES DIT! DEEL DIT!
083 726 1180 redakteur@koerania.co.za www.koerania.co.za

KOERANIA Besigheidslys
Verhoog die sigbaarheid van jou besigheid en bereik 'n wyer gehoor vir slegs **R420 per jaar.** Verhoog jou handelsmerk se blootstelling, lok potensiële kliënte en verbeter jou SEO-telling. Jou advertensie op die besigheidslys versterk geloofwaardigheid en bou vertroue by verbruikers. Daar is kliënte wat **JOU** produkte of dienste benodig. Kom ons wys vir hulle wie en waar jy is!
SKANDEER DIE QR-KODE OM DIE AANLYNVORM TE VOLTOOI.



OKKASIE HASIE
*maak elke funksie 'n fees!*
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA
# Agterblad
Januarie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 02

**NOODNOMMERS**

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

## Skaakmat…

Dia van Staden - Redakteur



Peter Welgemoed, Vernon Jones, Peter Jones en Delwaldt Venter benut hul vrye tyd om hul skaakvernuf te verbeter. Hierdie unieke vierspel laat die adrenalien pomp omdat daar konstante onsekerheid is oor die volgende speler se plasings.

Manipulasie van een speler is nie werklik 'n opsies nie, aangesien die uitleg van die bord met een skuif totaal kan verander. Daar word aanmekaar gepoog om mekaar uit te oorlê terwyl die veranderlikes met elke rondte nog 'n onvoorspelbare verrassing inhou. Spelers moet uitgeslape wees omdat daar met dié bord veel meer op die spel is as slegs een opponent se skuiwe. “Jy moet nou namens jouself en drie ander spelers dink,” vertel hulle. Daar word tussenin geskerts, maar die gemoedere kan baie vinnig ernstig raak wanneer 'n speler met een skuif sy opponente troef.

Kontak vir Peter Welgemoed by 083 989 2611 as jy by die gesoute spelers wil aansluit vir 'n potjie skaak.

## Vakansiepret in Orania



Sandbaai sorg vir heerlike visvang en kanopret alhoewel watersport as gevolg van die hoë riviervlak nie toegelaat word nie.





ADVERTEER IN
KOERANIA
Jou stem binne jóú gemeenskap
advertensies@koerania.co.za